



**Hoërskool Wolmaransstad**

**Lewensoriëntering**

**Graad 8**

**22 November 2019**

**Tyd:2uur**

**Totaal: 70**

**Opgestel: D.Smit**

**Moderator: M van Wyk**

**Instruksies**

- Beantwoord elke vraag mooi en leesbaar
- Lees elke vraag noukeurig deur
- Volg die instruksies by elke vraag
- Skryf jou naam en van op die gegewe antwoordblad

# **Afdeling A**

## **Vraag 1 Veelvuldige keuse**

Kies die een wat nie waar is nie

### **1.1) Teoretiese aktiwiteit**

- A) is nie in alle vakke ingesluit nie
- B) Gaan alles oor leer van die feite
- C) is belangrik omdat jy eers moet verstaan waarom jy van iets leer
- D) kom voor toepassings aktiwiteite

### **1.2) Voorbeelde van groepaktiwiteite is:**

- A) Projekte
- B) Persoonlike oorsigte
- C) Eksperimente
- D) Besprekings forums

### **1.3) Praktiese aktiwiteite**

- A) Is die soort aktiwiteite wat jy doen as jy iets waarneem, byvoorbeeld ystervysels met 'n magneet
- B) Kom voor toepassings aktiwiteite
- C) Help leerders met probleemoplossing
- D) Word buitenshuis of in 'n laboratorium gedoen

### **1.4) Die voordele van individuele aktiwiteit**

- A) Jy kan die leerstyl wat jou die beste pas, gebruik
- B) Dat jy jou werkservaring kan deel
- C) Dat jy jou sosiale vaardighede kan oefen
- D) Jy kan kritiek vermy of 'n toegewing maak

**1.5) Die voordele van groepwerk is:**

- A) Dat jy ander mense die meeste van die werk laat doen
- B) Dat jy jou werkservaring kan deel
- C) Dat jy jou sosiale vaardighede kan deel
- D) Dat jy jou groeplede kan leer

**Totaal 5**

**Vraag 2 Vul die ontbrekende woord in**

2.1) Rassistiese en seksistiese taal word \_\_\_\_\_ spraak genoem **(1)**

2.2) Jy het die reg om aan openbare betogings deel te neem as dit \_\_\_\_\_ gedoen word. **(1)**

2.3) Jy het die reg om vry van enige vorm van \_\_\_\_\_ te wees. **(1)**

**Totaal 3**

**Vraag 3**

**Seksualiteit is: Kies 5 waar stellings van seksualiteit en Skryf slegs die nommer neer op jou antwoordblad (Bv.3.3)**

3.1 Die seksuele gevoelens en gedagtes wat ons kry.

3.2 Dieselfde as seks.

3.3 of ons aangetrokke tot mense van die teenoorgestelde of dieselfde geslag is.

3.4 Alles wat ons dink en doen.

3.5 Die manier hoe ons onself as lank genoeg of vet/maer genoeg sien.

3.6 Die manier hoe ons onself sien as mans en vrouens.

3.7 Die geloof waaraan ons behoort.

3.8 Hoe ons oor ons liggame dink en voel.

3.9 nie ons waardes oor die lewe, liefde en vriendskappe nie.

3.10 nie die manier wat ons aantrek nie.

**Totaal 5**

#### **Vraag 4 Beantwoord vrae oor Aardedag**

- 4.1) In watter jaar is die eerste Aardedag gevier? (1)
- 4.2) Wat was die hoof boodskap wat mense tydens die eerste Aardedag viering probeer oordra het? (1)
- 4.3) Word Aardedag slegs in Suid Afrika gevier? motiveer jou antwoord. (1)
- 4.4) Op Watter dag word Aardedag gevier? (1)
- 4.5) Gee twee idees hoe om Aardedag te vier. (2)

**Totaal 6**

#### **Vraag 5 Loopbaan kategorieë(Vul die ontbrekende Loopbaan kategorieë in by die korrekte plek op jou antwoordstel gebruik die woorde wat volg)**

**Ondersoekend, Ondernemend, Realisties, Kunstig, Konvensioneel, Sosiaal**

- 5.1 Mense wat optree eerder as om te praat. Hul hou daarvan om buite te wees en verkies om met masjinerie, gereedskap, plante en diere te werk.
- 5.2 Mense wat daarvan hou om te dink, organiseer en verstaan. Hul is goeie probleem oplossers. Hul hou daarvan om alleen te werk en kan beskeie wees.
- 5.3 Mense wat daarvan hou om hulself in hul werk uit te druk. Hul hou nie van reëls nie, hou van opdragte wat persoonlike en fisiese vaardighede insluit.
- 5.4 Mense wat dit geniet om ander te onderrig en te help. Hul hou van interaksie met mense en hou minder van akademiese of fisiese aktiwiteite.
- 5.5 Mense wat goed is met woorde en daarvan hou om ander te oor te haal en te beïnvloed eerder as om hul te ondersteun. Hul heg waarde aan “prestige.”
- 5.6 Mense wat van reëls hou. Hul verkies orde en hou nie daarvan om te persoonlik te raak nie
- Totaal 6**

**Afdeling A Totaal 25**

# Afdeling B

## VRAAG 6: BELANGSTELLINGS EN VERMOËNS

Lees die volgende gevallestudie en antwoord die vrae wat volg. [10]

Jessica en Jane is susters. Hul het verskillende belangstellings, vermoëns, sterk punte en voorliefdes . Jessica is goed in Rekeningkunde en Fisiese Wetenskappe. Sy hou daarvan om met mense te werk en te oefen terwyl sy 'n gesonde eet plan volg. Jessica geniet dit om met nuwe idees te eksperimenteer. Jane doen uitstekend in tale en die kunste. Sy skryf haar eie lirieke om op die klavier te speel en sy geniet dit om interessante boeke te lees. Jane gebruik haar kreatiwiteit om ornamente, skilderye en kunswerke vir haar kamer te ontwerp asook om dit te verkoop aan diegene wat belangstel in haar kuns.

6.1)Bespreek Jessica en Jane se belangstellings

Jessica: \_\_\_\_\_ (2)

Jane: \_\_\_\_\_ (2)

6.2)Vergelyk die susters se sterkpunte.

Jessica: \_\_\_\_\_ (2)

Jane: \_\_\_\_\_ (2)

6.3)Dui aan watter moontlike loopbane elke suster vir die toekoms kan kies. Jessica:

Jessica: \_\_\_\_\_ (1)

Jane: \_\_\_\_\_ (1)

**Totaal 10**

### **Vraag 7**

Faldielah is 'n natuurlike leier en is baie gewild by die skool. Sy sê om 'n Moslem te wees, en 'n hegte familie te hê met wie sy meeste van haar tyd buite skool verband spandeer, help haar om 'n goeie selfbeeld te hê.

- 7.1) Wat beteken dit om 'n goeie selfbeeld te hê? (2)
- 7.2) Wat is self motivering? (2)
- 7.3) Hoe beïnvloed kultuur en godsdiens ons selfbeeld? (3)
- 7.4) Lys drie ander faktore wat selfbeeld vorming beïnvloed. (3)
- 7.5) "Tieners moet die gewoonte van selfgesprek verbreek." Stem jy saam met hierdie stelling? Gee 'n rede vir jou antwoord (3)
- 7.6) Hoe kan leerders hulle selfbeeld vertrek? Lys twee redes (2)

Totaal 15

**Afdeling B Totaal:25**

## **Afdeling C** ( Beantwoord slegs twee uit die drie vrae!!)

### **Vraag 8**

Jou ritmiese gimnastiekspan het sleg gevaar by die laaste twee mededingende byeenkomste, maar jy weet dat die span die talent het om minstens 'n silwermedalje by die komende provinsiale gradering byeenkoms te kry. Watter boodskap sal jy aan die span oordra om hulle te help om hulle volle potensiaal te bereik? Verduidelik sommige strategieë en vaardighede wat hulle sal help. **Totaal 10**

### **Vraag 9**

Stel jou voor jou suster of broer het so pas sy of haar eerste romantiese verhouding begin. Gee hom of haar raad hoe om die verhouding te laat volhou. **Totaal 10**

### **Vraag 10**

Stel jou voor jy het 'n maat wat baie swak selfbeeld en baie negatiewe patrone van selfgesprek het. Verduidelik aan jou maat wat selfgesprek is en hoe hy of sy die negatiewe selfgesprek kan verander; verduidelik ook watter rol jy kan speel om jou maat te help om sy of haar selfbeeld te verbeter. **Totaal 10**

**Totaal Afdeling C :20**

**Groot Totaal: 70**

## Lewensorientering Memorandum November Eksamen 2019

### Afdeling A

#### Vraag 1

- 1.1) A
- 1.2) B
- 1.3) C
- 1.4) D
- 1.5) A

Totaal 5

#### Vraag 2

- 2.1) Haat
- 2.2) Vreedsaam
- 2.3) Geweld

Totaal 3

#### Vraag 3

- Die 5 korrekte stellings is
- (3.1, 3.3, 3.5, 3.6, 3.8)

Totaal 5

#### Vraag 4

- 4.1) 1970
- 4.2) Besorgdheid oor die agteruitgang van ons omgewing en het hulle verandering geëis.
- 4.3) Nee, Wêreldwyd
- 4.4) 22 April
- 4.5) Ruilvergadering, Komposhoop, plant bome, Voëltafel (enige 2)

Totaal 6

## **Vraag 5**

**5.1) Realisties**

**5.2) Onderzoekend**

**5.3) Kunstig**

**5.4) Sosiaal**

**5.5) Ondernemend**

**5.6) Konvensioneel**

**Totaal 6**

## **Vraag 6**

**6.1) Jessica: Hou daarvan om met mense te werk. Sy dink oefening is belangrik. Sy eet gesond. (enige 2)**

**Jane: Hou van musiek(klavier), hou van lees, hou daarvan om kunswerke te maak en dus hou sy daarvan om met haar hande te werk**

**6.2) Jessica: Goed in Rekeningkunde en Fisiese Wetenskap**

**Jane: Sy is beter in Tale en Kunste**

**6.3) Jessica: apteker, tandarts, Elektrisiën, Boer, Dokter, Vlieënier, Meteoroloog**

**Jane: grafiese of klere ontwerpster, Kuns- Musiek- of Taalonderwyseres, Musikant, Dosent, Skrywer, Bemarker, ens (enigteen by elkeen)**

**Totaal 10**

## **Vraag 7**

**7.1) Hoe jy jouself sien en die dinge wat jy van jouself weet, soos jou goeie en swak hoedanighede. Dit is ook hoe jy dink ander jou sien.**

**7.2) Dinge doen en bereik, sonder dat iemand anders jou aansê om dit te doen.**

**7.3) Kultuur en godsdiens voorsien ons van 'n stel oortuigings, morele waardes en riglyne waarvolgens mens behoort te leef. Hierdie riglyne gee aan jou 'n kulturele identiteit, want jy deel jou oortuigings en waardes met ander lede van jou kultuur of godsdiens. Jy deel ook jou taal en sekere soorte gedrag met ander lede van jou kultuur.**

**7.4) Media, omgewing, familie, maats en ouderdomsgroep; en gemeenskap**

## 7.5) Nee, positiewe selgesprek help om selfbeeld te bou.

Totaal 15

### Vraag 8

Die volgende vaardighede en strategieë sal jou help om jou werklike potensiaal te bereik:

**Soek na mentors:** Kry mense wat jou kan help en ondersteun om jou volle potensiaal te bereik bv soos ouers, Onderwysers ens.

**Werk hard:** Doen elke dag jou werk volledig in die klas en doen moeite met jou leerwerk sodat jy 'n sukses kan maak van jou werk en jou potensiaal kan bereik.

**Leer uit jou foute:** Maak 'n lys van jou foute wat jy maak reg deur die jaar dan kan jy op oplossings kom om die foute reg te maak sodat jy uit dit kan leer en jou volle potensiaal kan bereik.

**Hê vertrou in jouself:** Jy as persoon moet altyd in jouself vertrou sal hê dat jy die regte besluite sal maak as dit kom by jou werk as jy nie sal jy begin foute maak en dit beïnvloed dan jou potensiaal.

**Moenie in jouself twyfel nie:** Jy moet elke dag positief bly en elke dag vat as 'n uitdaging sodat jy nie begin negatief word en begin twyfel in jouself nie omdat dit sal maak dat jy nie jou volle potensiaal sal kan bereik nie., ontwikkel organisatoriese vaardighede, moenie aan jouself twyfel nie, en bly realisties.

(5x2) Totaal 10

### Vraag 9

**Wees eerlik en openlik.** Hoe meer jy oor jouself meedeel, hoe beter sal die verhouding wees.

**Kommunikeer:** Praat oor gevoelens, verwagtings en teleurstellings en as julle probleme het met mekaar moet julle dit onder mekaar uitpraat.

**Wees versigtig hoe jy kritiseer:** Julle sal mekaar soms moet kritiseer, maar maak seker dat julle nie negatief of aggressief is nie.

**Hou by jou beloftes:** Moet nie vals beloftes vir mekaar maak nie hou by jou belofte sodat julle mekaar kan vertrou.

**Wees onafhanklik:** Jy moet verantwoordelik vir jouself wees en nie heeltemal afhanklik van jou maat as hy of sy 'n situasie of probleem met jou bespreek.

**Moenie bang wees dat die verhouding sal misluk nie:** As jy is, sal jy wantrouig, jaloers en onseker raak met mekaar en dit kan negatief vir julle verhouding wees.

(5x2) Totaal 10

### Vraag 10

Jou selfbeeld word deur jou selfgesprek beïnvloed. Selfgesprek is wat jy vir jouself sê hardop of in jou gedagtes. Selfgesprek kan positief of negatief wees. Positiewe selfgesprek help om jou selfbeeld te verbeter.

Hier volg 'n paar riglyne vir positiewe selfgesprek:

**Fokus** op wat jou spesiaal en uniek maak as individu: Soos byvoorbeeld, om goed met diere te kan werk. Jy moet nie doen wat ander mense doen nie wees jouself en fokus op dit wat jou spesiaal laat voel en in dit elke dag kan verbeter.

Herinner jouself aan jou persoonlike prestasies: soos dat jy vir die skool koor gekies is dit help ook om jou selfbeeld bietjie 'n hupstoot te gee en jou selfgemotiveerd sal hou.

Dink en praat op 'n positiewe maniere: Wanneer jy as persoon altyd positief praat en positiewe goed doen sal jou selfbeeld automaties verbeter en sterk bly.

Herinner jouself dat niemand volmaak is nie en dat 'n mens 'n fout mag maak: 'n Mens maak so nou en dan foute maar mens leer ook elke dag daaruit en word sterker deur dit om vorentoe beter besluite te neem wat mens positief sal hou en jou selfbeeld ook sterk sal hou.

(5x2) Totaal 10

Groot Totaal :70